# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 6:4 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 | Januarie 1995 | Vol. 1

## DAT ALMAL EEN MAG WEES....

Een van die grootste kerkmanne in Nederland van hierdie eeu was prof. K. Schilder. Hy het die ellende van verskeurde kerkeenheid aan sy eie lyf gevoel. Op Schilder se eie versoek staan sedert 1952 die woorde op sy grafsteen: "Opdat zij allen een zijn" (dat almal een mag wees, Joh. 17:21a). Schilder het tydens sy lewe, sowel voor as na die afskeiding, toenemend gely onder die verdeeldheid in die kerk. Hy het as lewenstaak gesien om die saak van die eenheid van die kerk, veral die gereformeerde kerk, aan die orde te stel. Die geskiedenis kan vir ons huidige tydsgewrig in die GKSA van groot belang wees, omdat ons ook begin worstel met wat die belewing van kerkeenheid alles behels.

### Uiteenlopende reaksie

In die vorige uitgawes van "Waarheid en Dwaling" is daar indringende vra gevra oor die belewing van eenheid in die gereformeerde kerke. Die soeklig het geoor sake wat wissel vanaf die erkenning van Skrifgesag tot die nakoming van onderlinge afsprake met mekaar. Uiteenlopende reaksie het hierop gevolg, een hiervan is die aanklag - kerkskeuring! Aan die ander kant tree daar by lidmate, wat verontrus word deur dwalinge, 'n sugtende moedeloosheid in. Al word dit nie hardop gesê nie, klink die gesug tog op: moet ons nie eerder loop nie? Wat help al die pogings tot hervorming tog as daar oor dekades 'n stelselmatige verslapping ingetree het? .

Laat ons weer die woorde van ons Here in die verraadnag aanhoor: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in my sal glo - **dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U;** (Joh. 17:20-21). Eenheid met die Vader, deur die ware geloof in Jesus Christus beteken eenheid onder mekaar - **onder almal wat so glo.** Vrae oor eenheid en skeuring stel ons weer voor selfondersoek. Wat glo ons regtig; is ons dáárin een? Jesus vra aan sy dissipels: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Mat. 16:15). Daarom moet ons ook die vraag antwoord: Ons, die gereformeerde kerke in Suid-Afrika, wie sê ons is God. Is ons daarin nög ééns. Want dit is die wortel van die sonde van kerkskeuring, die gruwelikheid van sektarisme, dat jy nie meer eensgesind is in jou belydenis nie.

Die belydenisskrifte moet **ons hartsbelydenis** wees en bly. Daar lê die eenheid - naamlik die Heilige Gee wat alle ware gelowiges bind rondom die Waarheid, Jesus Christus.

### Hoegenaamd geen skeuring

Is reformasie noodwendig afskeiding, wegloop, afskeur? Nee. **Niemand durf kerkskeuring soek nie.** Die ware kerk, die liggaam van Christus, mag nie geskeur word nie. Dit kan nie geskeur word nie! Diegene wat dit soek en propageer skeur hulleself doelbewus van Christus af. Daarom geen skeuring nie, maar bely: "Ons, almal, glo.... die volgende.

### Christus is aan die werk

Die kerk is die werk van Christus. Hý vergader, Hý beskerm, Hý onderhou. (H.K. 54). Christus gaan sy gang oor hierdie sondige aarde en in ons wêreld. As ons dit glo, laat ons dan ophou twis en afdwaal van die waarheid. Die kerk het te doen met geloof - maar het ons nog genoeg geloof om te weet dat ons Christus sal moet vind in ons werklikheid - ook in 1995 se vrae rondom kerkeenheid. Christus is besig - maar herken ons Hom nog so. As die twiste nie besweer word nie, wie sê ons dan eintlik is God?

### *IN HIERDIE UITGAWE*


* DAT ALMAL EEN MAG WEES.......... P. 1
* BELYDENISSKRIFTE BREEK DIE EENHEID. IS DIT WAAR? P. 2
* SKRIFOORDENKING DAN. 6:11.......... P. 3
* JESUS EN DIE PSALMS [3] JESUS CHRISTUS DIG SY EIE PSALMS.......... P. 4
* DIE PUK 125 JAAR.......... P. 6

* Die kerke is nie ons s'n om te skeur nie. Nie kerskeuring nie, maar kervernuwing, ware reformasie: Teurg na die Woord, en bely nét wat dáár staan. Leef net daarvolgens. Dan sal ons weer een wees.

* As ons van die Woord en belydenis afdwaal, dan skeur ons onsself van die liggaam van Christus af weg, en is ons skeurmakers. Niemand mag die verkeerde ooglopend in die gemeente toelaat nie.

Ons mag nie in moedeloosheid verval of aanvaar dat sake hopeloos is nie. Nooit meer mag die gekerm opklink: Dit sal tog nie help nie, "hulle" sal tog nie luister nie, dis te laat, die kanker is te ver. Genoeg van lamsakkigheid. Nou is die tyd vir geloofskrag. Geloof moet in werke uitkom. Watter werke gaan die gereformeerde kerke in Suid-Afrika voortbring, omdat ons God weer opnuut op sy Woord neem dat Jesus Christus ons Hoof is?

As Christus dan die Hoof van sy kerk is, en ons dit glo, het die geloof groot krag. Reformasie is nie 'n uitgewerkte vooraf beplanning nie. Reformasie is allermins 'n opsweperige spanpraatjie. Reformasie is om God op sy Woord te neem - en te doen, gelowig en met oortuiging te doen.

Daar moet teruggekeer word van dwalings ten opsigte van leer, diens en tug. Hierdie terugkeer is nie maar net 'n saak van die mens nie, maar verg bekering wat slegs deur die krag van God kan gebeur. Maar glo ons werklik God het die krag om ware bekering oor die sake te gee? Ons weet van gelowiges wat deur die geloof koningkryke oorweldig het (Heb. 11:33). Ware geloof kan hierdie dwalinge oorweldig en oorwin. Christus beskerm sy kerk - ook teen dwaling, glo dit 'n slag en kyk wat doen God met en aan ons.

## Dryfsand van kommer

Hoe kom ons uit hierdie dryfsand van bekommernis oor kerkeenheid en donker vermoedens oor kerskeuring. Hoe vorentoe? Waar is die pad wat ons moet gaan?

Laat ons onmiddelik en onophoudelik:

+ Begin bid, skuldbelydend en leiding soekend bid. Die kerk is die liggaam van Christus, laat ons bid om dit in waarheid en in liefde te beleef. Laat elkeen met erns en opreg na God gaan en pleit bekering by God af. Is God dan nie barmhartig nie, sal Hy ons onverhoord afwys?

+ Begin praat. Praat reguit en eerlik - en luister. Na mekaar, maar ten eerste na die Woord van ons Here. Laat ons op die ordelike weg praat - totdat ons mekaar vind. Laat ons minder koukus, minder skinder en slegsê, en meer voorbidding doen vir mekaar. God alleen kan deur sy Heilige Gees weer ware eenheid gee. Wag hierin op God se leiding.

+ Bekeer. As God ons oortuig van wat verkeerd is, moet dit hartgrondig reggestel word. God se eer, God se liefdesorde vir sy kerk vereis dit. Ons mag nie meer die voete sleep nie.

+ Begin tug. Laat alle gelowiges mekaar begin vermaan in liefde. Maar veral: broeders ouderlinge, hou toesig oor God se kudde. Doen julle werk pligsgetrou, laat julle bekwaam word om die Woord reg te sny. Wie sy opdrag weier, loop gevaar dat God vir Hom ander herders in julle plek sal aanstel. As daar reformasie kom, moet dit kragtig ook deur die ouderlinge kom.

God is enig. As ons in Christus glo, moet ons ook een wees in die waarheid. Laat ons met mekaar versoen rondom die waarheid. Christus bid vir ons: ". . .Ek bid . . .ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo - dat almal een mag wees net soos U, Vader, in my en Ek in U". Mag God se wil so onder ons geskied.

Wikus Buys

* * * * *

## BELYDENISSKRIFTE BREEK DIE EENHEID. IS DIT WAAR?

Gereformeerde kerke verduur vandag groot kritiek teen hulle belydenisskrifte. Sommige rig die aanval op die **ouderdom** van hierdie geskrifte: dit is argaïs, uitgedien vir ons tyd en het alleen historiese betekenis. Ons leef in ander tye as Athanasius, Nicea en Dordtrecht, so sê hulle. Die wêreld het verander en daarom moet die belydenisskrifte ook verander. Dit is selfs vir baie mense 'n vraag of die kerk nog wel belydenisskrifte moet hê?

Die ander groot kritiekpunt op die belydenisskrifte is dat dit die **eenheid** van die kerk aantas. Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls word as die groot sondebokke voorgehou. Daarmee het die breuk tussen Gereformeerde kerke en die Roomse kerk finaal geword. Daarmee het gereformeerdes hulleself heeltemal van die charismatiese bewegings vervreem. Met die Dordtse Leerreëls word die leerstuk van God se ewige predestinasie [uitverkiesing] onnodig in die mense se kele afgedruk. Daar moet ter wille van kerkeenheid groter verdraagsaamheid kom, groter soepelheid, groter akkomodasie vir die ander godsdienste se standpunt. Sô sê die kritici.

## Wat is die antwoord?

Een van die oplossings wat gebied word, is dat ons almal, Gereformeerdes, Roomse, Anglikane, Remonstrante, geesdrywers en nog meer, alleen na die Apostoliese Geloofsbelydenis [die Twaalf Artikels] moet teruggaan. Niemand het tog hierteen beswaar nie, so sê hulle. Protestante sowel as Roomse handhaaf in die Twaalf Artikels dieselfde belydenis.

Maar hoe word die Twaalf Artikels verklaar? Met die Bybel of sonder die Bybel? Sonder die Bybel, die Woord van God, bly dit 'n stuk uiterlike formalisme. Dan kan jy ewe maklik die leerstuk oor God se skepping nie volgens die Bybel verklaar nie, maar volgens die filosofie van die ewolusionisme.

Of neem byvoorbeeld die leerstuk oor Jesus se opstanding uit die dood: Gereformeerdes bely dat Hy waarlik **ligaamlik** uit die graf opgestaan het. Ander verklaar Jesus se opstanding egter heeltemal anders, selfs teenoorgesteld met die Gereformeerde belydenis. Hulle beweer dat Hy wel opgestaan het, "maar dit het niks met sy dooie lyk wat in die graf gebly het te maak nie". Hierdie standpunt verslaan vandag sy duisendes. In die teologiê van die rewolusie sê hulle dat Jesus net soos Karl Marx opgestaan het: Karl Marx leef nog in sy volgelinge nadat hy gesterf het. Hy werk met onstuitbare krag in die wêreld. Sy leerlinge sit dag vir dag sy werk voort. Hy is die messias vir die nuwe, beter wêreld.

Teenstanders van die Gereformeerde belydenis beweer dat dit die eenheid van die kerk verbreek, maar die Twaalf Artikels bind saam. Hier, so sê hulle, is ruimte vir elkeen se standpunt. Binne hierdie raamwerk, breed, soepel en verdraagsaam, kan elkeen dan tog op die end met sy eie geloof salig word.

## Die skokkende ironie

As ons die Heilige Skrif neem soos wat dit is en soos wat artikels 2 tot 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis daaroor spreek, dan is dit die enigste waarborg van kerklike eenheid. Vir hierdie enigste eenheid op grond van Sy Woord, het Jesus eenmaal in sy lydingsnag gebid:

*"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid... Ek bid nie vir hulle [die elf apostels] alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo dat hulle almal een mag wees..." [Joh. 17:17, 20, 21].*

*"Die sondige mens - en dit is ons almal - hou meer van 'n beleid wat jy maklik kan verander as van 'n belydenis wat altyd aan die Skrif getoets moet word."*

Só 'n belydenis pas egter nie by Babel, die stad van die mense nie. In Babel met sy valse eenheidstrewe gaan dit alles om die **mens**: die kennis van die mens, die sienswyse van die mens, die teologie van die mens en die kerk van die mens. Die sondige mens - en dit is ons almal - hou meer van 'n **beleid** wat jy maklik kan verander as van 'n **belydenis** wat altyd aan die Skrif getoets moet word.

Die mens se beleid verdeel die kerk.
Die belydenis wat alleen God se Woord vertolk, bring eenheid - eenheid van die ware kerk; eenheid in die ware geloof. Daarvoor het Jesus gebid. Daarvoor het Hy aan die kruis gesterf.

*****

# SKRIFOORDENKING
# DAN. 6:11

"En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het"

## Die komplot

Professionele jaloesie is 'n lelike ding. Daniël se vyande kon niks teen hom kry nie behalwe teen sy diens aan God. Die komplot is baie slu. Skort jou gebede op vir 30 dae. Of sterf deurdat leeus jou opvreet. Baie mense sou gesê het ek is meer werd vir God lewend as dood, ek sal maar my gebede vir myself hou, en dan daarna God weer openlik dien. Daniël het tog 'n goeie saak. Hy het sy vyande se komplot agtergekom, hy kan dus as verweer die verskoning gebruik het dat Hy sy vyande se wind uit hulle seile sou neem as hy nie vir 'n rukkie bid nie.

## Die opsies

Die huis het 'n kamertjie gehad bo-op die dak, mens het met sy trapleertjie daarop geklim. Die kamertjie het vensters gehad wat oop was, tralie werk of luike was gebruiklik van sulke geboue. Al wat Daniël moes gedoen het was om die luike toe te maak. Maak die luike toe en hy spring miskien straf vry. Daniël het dus twee keuses gehad, hou op bid, vir 'n rukkie, of maak die "vensters" toe sodat niemand sien hoe jy God dien nie. Om die vensters toe te maak is so maklik, en om deur leeus verskeur te word is so ontsaglike groot prys om te betaal. Is die kool die sous werd? Jy verloor so baie van jou lewe vir so bietjie - so 'n bietjie bid.

## Die eintlike aanval

God maak hier duidelik dat dit ten diepste nie 'n aanval op Daniël se godsdiens is nie, maar 'n aanval op God. Weerhou jou gebed van God. Verbreek jou kontak met God-net vir 30 dae. 'n Mens kan seker uithou om nie te bid vir 'n maand nie. Maar dit is nie die punt nie, dit gaan om die eer van God. Dis 'n slu aanval op die eer van God.

Daniël is in die verbond gebore, hy is 'n besnyde Jood, hy's 'n gelowige, hy antwoord God op die band wat God met hom het. Hy is ook 'n profeet, 'n begenadigde van God, baie pligsgetrou. Hy is die "eerste minister" en hy bid drie maal op 'n dag tot God. Elke keer wanneer 'n kind van God se geloof aangeval word, elke keer word God se eer aangeval. En dit besef Daniël. As ek nou ophou bid of dit wegsteek dan beroof ek God van wat Hom toekom. God het die reg dat jy en ek Hom aanbid, selfs al sal dit ons lewe kos. Beroof God van die lofprysinge wat Hy moet hoor, of sterf 'n grudood. Steel die eer van God deur stilswye. Hou op om God te prys want dis nie alleen baie skadelik vir jou beroepslewe as goewerneur nie, dit is ook lewensgevaarlik.

## Skort jou diens op

Skort jou diens aan God op, net tydelik natuurlik. Wat maak dit nou saak hoe dit in my kind se skool gaan, wat in sy sillabus staan. Wat maak dit saak as daar ins sy biologie handboek staan dat alle mense van ape afkom, ek weet mos God het die mens geskape. Ek sal Hom by die huis reg opvoed. Wat maak dit saak as die staat moord wettig deur aborsies, ek doen dit mos nie.

Dis nie die punt of ons dit weet nie, die punt is of die wêreld dit weet. En wie sal hulle sê as ons hulle nie sê nie. God het die reg om geëer te word, in die skool, in die staat, in die kerk, in die huwelik. Op elke lewensterrein moet ons God se lof verkondig. Het u die gewoonte om God oral en altyd te dien.

Was ons al te besig om God te loof. Het daar ook al by u 'n dag verby gespoed dat jy in die aand 'n paar gebedswoorde prewel omdat jy te moeg is om te bid. Skort ons nie maar ook ons diens aan God vir rukke op vir allerhande dinge tussenin nie, veral om sonde te doen. Hoe getrou is ons in die verbond met God. Ag ons praat nie van iets dramaties waar iemand 'n geweer teen jou kop hou nie. Ons praat van die klein dingetjies. Of maak ek ook maar party keer die vensters toe sodat ander nie sien dat ek God ken nie. As mense so openlik in ons teenwoordigheid en met ons medewete sonde doen, en ons sê niks, dan is God mos vir ons 'n verleentheid. 'n Slegte hond, sê Calvyn sal selfs blaf as sy baas aangeval word. Hoe getrou is ons nog as kerkverband in ons diens aan God. As jy jou vir God skaam, gaan hy Hom vir jou skaam.

## Oop Vensters

Sonder om Daniël net as voorbeeld te preek, moet ons tog ook vra: Het ek die gewoonte om God te loof, altyd, is ons hart in daardie gewoonte. Of het ek die venster toegemaak omdat God vir my 'n verleentheid geword het. Loof die Here - dit is om aan Hom toe te bring wat aan Hom verskuldig is. Ons skuld dit die Here om vir Hom te sê dat Hy goed is. Dat Hy my vergewe het ter wille van sy Seun, dat Hy my laat verstaan wat dit beteken om Hom as die Koning te ken. Ons is dit verskuldig, ons moet die lof van God besing.

Het u al gedink hoeveel woorde praat ons met ander mense en waaroor nie alles nie, en hoeveel woorde praat ons met God en waaroor. Is ons band met God vir ons so belangrik, belangriker as ons lewe op aarde. God toets ons ook met dit wat tans in die land gebeur. Toets of ons die vensters toemaak. Toets of ons God se eer steel, toets of ek God beroof deur Hom nie gereeld te besing en te loof nie. Watter gewoontes het ons in ons lewens. Gewoonte om kwaad te word, gewoonte om kwaad te steek, gewoonte om depressief te wees, gewoonte om ongehoorsaam te wees - gewoonte sondes. Die Here wil hê dat ons die gewoonte moet hê om aan Hom getrou te wees. Hoeveel is die band met Christus vir u werd. Is u bereid om daarvoor te sterf? Te sterf vir u vertroue op Christus? Leef dan eerder vir Christus, uit gewoonte, met oop vensters na die wêreld.

* * * * *

# JESUS EN DIE PSALMS [3]

## Jesus Christus dig sy eie psalms

Die aand voor die kruisiging het Jesus sy eie psalms gesing. Hyself het nie alleen die Hallel [Pss. 113 - 118] gedig [geïnspireer] nie, maar al die psalms. Die apostel Petrus gee in sy eerste brief hierdie geskiedkundige feit. Simon Petrus wat nog daardie aand met die laaste Paasfees saam met Jesus gesing het, maar toe nog nie besef het wat gebeur nie, skryf later dat dit *die Gees van Christus* was wat in die profete van die Ou Testament *"getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna"* [1Pt. 1:11].

Jesus vertel self: *"alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, moet vervul word"* [Lk. 24:44].

Alles in die psalms ... Ook alles in psalms 113 tot 118 ... Dit alles het Christus deur die Heilige Gees *getuig, geprofeteer, gedig.* Daarvoor het Hy Moses, Dawid, die kinders van Korag en nog andere gebruik.

Die aand voor die kruisiging het die dissipels dit nog nie verstaan nie. Toe het hulle nog nie besef dat die laaste Paaslam van die Ou Testament geslag is nie. Hulle het nie geweet dat Psalm 118 nou heeltemal in Jesus vervul word nie. Hulle sien dit nie raak dat die Hallel wat Hy sing die groot overture van die lydingsdrama op Golgota is nie. En wat oor enkele ure daarna in Getsemane met Jesus se lydingsbeker sou gebeur, kan die slaperige Simon en sy maats nooit indink nie. Hulle is te vaak om selfs een enkele uur saam met hulle Heiland te waak.

Maar later, as hulle die krusiging gesien het, en die opstanding; as hulle ooggetuies van die hemelvaart was en Petrus die groot woordvoerder op die Pinsterdag, dan verstaan hulle alles. Dan gaan die Evangelie vir hulle oop en hulle weet: Die Gees van *Christus* het alles alreeds in die Ou Testament voorspel. Ook die psalms.

En nou sing die groot Digter sy eie psalms. En Israel sing saam. Maak die "altaar" gereed. Slag nou die Lam van God. Kom nou julle Jode, roep die heidene om te help. Kom almal. Doen mee aan God se almagsdaad. Kom hoor hoe Hy die Romeinse regering gebruik om sy Seun te vonnis. Kom kyk wat gebeur op hierdie dag wat meteens die hele wêreldgeskiedenis verander. Juig daaroor. Sing psalm 118:

*Dit is die dag deur God verkore,*
*die feesdag aan Hom toegewy.*
*Laat ons, met psalms uit vreug gebore,*
*ons in die God van heil verbly...*

Met die Groot Hallel gaan die profetiese boodskap van Israel se geskiedenis voor hulle oë in die teater van Golgota afspeel: Egipteland, die Rooisee, die woestyn, Kanaän, die vrede op aarde ... Die hemelkoor deur die engele in die Kersnag en Israel se Hallelkoor uit hulle huise ontmoet mekaar. Van nou af - as die ewige Paaslam op Golgota geoffer word - gaan die belofte van die hemelkoor oor die Kindjie in die krip in vervulling:

*"Eer aan God, die hoogste Heer!"*
*ruis dit uit 'n stemmesee*
*"Vrede op aarde, vrede weer!"*
*En die donker nag ruis mee.*
*"Welbehae, eind'loos groot,*
*in die mens, Gods gunsgenoot!"* [Beryming Lk. 2:14]

In Ps. 113 hoor ons die klanke van die "Onse Vader": "Laat die Naam van die Here geprys word..."
Ps. 114 beskryf die uittog van Israel uit Egipte.
Die huis van Aäron, al die priesters, word in Ps. 115 tot die heerlikheid en heiligheid van die ware godsdiens [God se diens] opgeroep.
Ps. 116 vertel van die "bande van die dood" en die "angste van die doderyk". Jesus sing van die "benoudheid" en "kommer". Maar dit vertel ook van "die beker van verlossing". Met die kruis wat op die Paasfees se gesigseinders verskyn, word alles nou werklikheid.
Met Ps. 117 kom Pinkster in die gesigsveld: "Loof die Here alle nasies! Prys Hom alle volke!"
Ps. 118 word die klimaks van die groot Hallel wat juig oor die Christus, "die steen wat die bouers verwerp het [en] 'n hoeksteen geword het". Dit juig oor Jesus se intog in Jerusalem: "Geseënd is hy wat kom in die Naam van die Here!"

Die ure in die Paassaal gaan verby. Middernag kom nader. Die kruis kom meedoënloos nader. Twaalf stemme sing hulle laaste psalm. Ook Jesus, die man in die bloei van sy jare se stem deurstrengel dié van die ander. Die oomblik kom nader. Hulle moet vertrek na Getsemane. Jesus weet alles. Sy psalm gaan stol nou in die werklikheid van die oomblik. Vertel dit. Sing dit uit. Laat die Nagmaalskamer weergalm. Die ewige Paaslam moet nou geslag word:

*"... bind dan die offerdier met toue*
*en lei dit na die altaar heen"*

Kom Judas Iskariot . . . Kom julle slawe van die tempelpriesters . . . Kom Malgus, slaaf van die hoërpriester ... Kom julle Romeinse soldate ... Kom vang Hom by die hek van Getsemane ... Bring Hom na Kajafas en Annas. Kom Herodus, afstammeling van Esau en wreek jou op hierdie seun van Jakob! Kom ook Pilatus en wees regter in die Naam van God . . . Laat Hom met 'n pers kleed en 'n doringkroon besport word... Laat hulle Hom met hulle vuiste in Sy gesig slaan . . . Laat die geselslae sy kaal rug kloof . . . Hy verduur dit in my plek. Dit is ek die sondaar wat daar geslaan word.

O, my God ... Hoe kan dit ooit gebeur? Hoe verskriklik paradoksaal, hoe ontsettend teenstrydig! Daar sing hulle die laaste vers van Ps. 118. Jesus sing saam, helder en duidelik:

*"Loof almal saam met jubelsange!*
*Gods goedheid ken geen grens of tyd;*
*geen hede, toekoms of vergange,*
*sy goedheid duur in ewigheid!*

Inderdaad! Mense, sien julle God se ewige goedheid daar by die kruis op Golgota? Ja, ons sien .. ons hou aan om te sien .... *"ons sien dit, maar deurgrond dit nie* ... [Ps. 118:11, berymd].

[Volgende keer: *Die duiwel en die psalms*]

Prof. V.E. d'Assonville

# DIE PUK 125 JAAR: 'N WAARSKUWING.

## Waarheen is die PU vir CHO oppad?

Daar gaan eersdaags 'n belangrike beleidsdokument oor die wese en karakter van die PU vir CHO uitgegee word. Die kommisie, wat die dokument die lig moet laat sien, is onder voorsitterskap van die registrateur prof. Scott. Wanneer daar besin word oor die posisionering van die PUK in die nuwe bedeling is dit ook belangrik om te weet wat al in die verlede oor die universiteitswese gesê is. "Waarheid en Dwaling" plaas 'n verkorte artikel van prof. J. Chr. Coetzee in Koers (Aug. 1959), hoop dat hiermee die profetiese waarskuwing van prof. Coetzee nie op dowe ore sal val nie.

* * * * *

## Die Geneefse Akademie van Calvyn

Op 5 Junie 1559 het Calvyn een van sy vurigste lewenswense vervuld gesien. Op daardie dag het die openingsplegtigheid van die Geneefse Akademie plaasgevind. In die aanwesigheid van 'n groot aantal hoogwaardigheidsbekleërs en 600 studente het Calvyn die opening waargeneem. Calvyn het self in Frans gepraat sodat alle aanwesiges hom kon volg. Hy het die sekretaris versoek om die Regulasies en Reëls van die Akademie voor te lees. Daarna het al die aanwesiges die Konfessie aangehoor en het die Rektor en al die studente die eed afgelê.

Hierna het Calvyn die woord gegee aan Beza. Calvyn het die rede van Beza saamgevat op sy gewone saaklike, gevatte en omvattende manier en al die eer aan God gegee vir die stigting van die Akademie. Die verrigtinge is deur hom afgesluit met 'n woord van dank aan alle aanwesiges en met 'n dringende beroep op hulle tot pligsvervulling en tot verheerliking van Gods Naam.

> *Deur harde werk en produktiewe ekonomie kon Calviniste in die verlede, en vandag nog in alle lande, die middele vind om hul onderwysinrigtings in stand te hou.*

## Lang tyd van voorbereiding

Die stigting van die Akademie na die wens van Calvyn het 'n lang tyd van harde voorbereiding en opoffering vereis. En hierin het Calvyn die beslissende rol gespeel.

Calvyn het dié werklike noodsaaklikheid van geleerdheid met oortuiging aanvaar. Al was hy teoloog en gelowige, het hy tog neergelê dat die sg. sekulêre wetenskappe onmisbaar is.

Gedurende sy eerste verblyf in Genève het hy nou saamgewerk met Willem Farel in kerklike en skoolsake. In die kerklike artikels deur hulle uitgegee in Januarie 1537 het hy in die besonder gepleit vir die onderrig van kinders, veral in die godsdiens. Daarvoor het hy in 1538 'n kort kategismus uitgegee. Maar van direkter belang is die **Genevae ordo et ratio docendi in Gymnosio** wat hy saam met Cordier en Saunier in Januarie 1538 saamgestel het en waarin hy 'n program vir 'n publieke skool skets. In hierdie program (ook genoem 'n prospektus) sê hy dat skoliere sowel in die sekulêre vakke as in die godsdiens onderrig moet word; want die Woord van God is die grondslag vir alle geleerdheid en die volle verstaan van die Woord van God.

## Onmiddelik geslaagd

Die Akademie van Genève het onmiddelik geslaag. By die opening was daar reeds 600 studente aanwesig, afkomstig van byna alle Wes-Europese lande en van die Britse Eilande. In 1564, ten tye van Calvyn se heengaan, was daar reeds 1200 leerling in die Kollege en 300 in die Akademie. Onder die beroemdste buitelandse studente kan genoem word die tutor van Hendrik IV van Frankryk; Thomas Bodley, die stigter van die beroemde Bodleian Library van die Universiteit van Oxford; Casparus Olevianus, medeskrywer van die Heidelbergse Kategismus; Marnix van St. Aldegonde van die Nederlande. In 1625 is 'n lys van beroemde manne deur die Leuvense Universiteit saamgestel: een kwart alleen het aan die Geneefse Akademie gestudeer.

Die onderrig was buitegewoon hoogstaande in die Teologie sowel as in die sekulêre wetenskappe. Dit was algemeen bekend dat selfs 'n student van Genève 'n logieser en stewiger verdediging van die Christelike geloof kon gee as menige doctor van die Sorbonne (die Universiteit van Parys).

## Dien as model

Die Akademie het gedien as 'n model vir die stigting van soortegelyke inrigtings in alle lande van die Calvinisme: Engeland, Holland, die Palatinaat, Skotland, Frankryk, Verenigde State van Amerika, en selfs in die verafgeleë Suid-Afrika. Want die Calvinisme is veel meer as net 'n stelsel van godsdienstige leerstellings: Calvinistiese denke dek die hele gebied van die menslike lewe, politiek, ekonomiese, sosiale, opvoedkundige en ander terreine! Die Calvinisme vereis algemene onderwys en opvoeding, soisale sorg in kerk en staat. Deur harde werk en produktiewe ekonomie kon Calviniste in die

verlede, en vandag nog in alle lande, die middele vind om hul onderwysinrigtings in stand te hou. Ek verwys maar net na die besondere skole en die Vrye Universiteit in Nederland, die Calvin College en die Christian Schools van die Christian Reformed Church in die V.S.A. En mag ek ook verwys na die groot finansiële opofferings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vir die vroeëre C.N.O.-skole en vandag nog vir die P.U. vir C.H.O.

En wat het geword van hierdie wonderlike Geneefse stigting? Dit het mettertyd die ondersteuning van die Gereformeerde Kerk en gemeenskap verloor.

En vandag bestaan dit nog as die Université de Genève. Maar van die oorspronklike Calvinistiese gees en rigting getuig nog net die feit dat dit 'n fakulteit vir Protestantse Godsdiens insluit.

## En ons eie Universiteit?

En wat is die toekoms van ons eie Universiteit? Dit sal sy Christelik-historiese karakter handhaaf alleen solank sy oorspronklike oprigters, sy trustees, sy ondersteuners, sy dosente en studente en sy oud-studente dit help om die karakter te behou. Sonder die Gereformeerde Kerk en die gereformeerde gemeenskap sal dit dieselfde weg opgaan as die Geneefse Akademie van Calvyn.

*"En wat is die toekoms van ons eie Universiteit. . .? Sonder die Gereformeerde Kerk en die gereformeerde gemeenskap sal dit dieselfde weg opgaan as die Geneefse Akademie van Calvyn."*

J. CHR. Coetzee
1959

★ ★ ★ ★ ★

## GRONDSLAG VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS:

- ★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.
- ★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
- ★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.

*INSKRYWINGSVORM*

# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej..........................................

Adres:..........................................

..........................................

..........................................

Poskode:..........................................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..........................................

Datum:.......................... Handtekening:..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS